



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 5: DIE TWEDE FEESSEISOEN: *SHAVUOT* (Pinkster)

INHOUD VAN LES 5:

- ❖ Hersiening en Agtergrond
- ❖ *Shavuot* – Fees van Weke (Pinkster)
- ❖ *Shavuot* – Profetiese Vervulling
- ❖ Bespreek of Bepeins die Volgende

HERSIENING EN AGTERGROND

1. In Les 1 van hierdie studie het ons geleer dat YHVH 'n kalender van vaste (vasgestelde) tye het. Lees weer Gen. 1:14 en Lev. 23:1 tot 4.
2. Hierdie vaste tye is nie net die siklus van dae, weke, maande en jare nie, maar ook van bepaalde afsprake en byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is. Deurdat ons YHVH se afsprake met ons eerbiedig, lewer ons getuienis dat ons Sy volk is en dat ons Sy onderrig en instruksies (Torah; wet) omhels om in Sy wonderbare lig te wandel en Sy uitnemendheid te verkondig (1 Pet. 2:9 en 10).
3. Hierdie afsprake (bestemde tye, *mo'edim*) en byeenkomste (*afgesonderde samekomste*, *miqra'ot*) op YHVH se kalender is die feestye van YHVH en is afgesonderde (heilige; *kodesh*) samekomste (Lev. 23:2).
4. Ons het ook gesien dat die bestemde tye van YHVH, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, in drie feesseisoene verdeel word, naamlik:
 - 4.1. Pesag wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Pesag (Paasfees), Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).
 - 4.2. *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees (Fees van Weke).

- 4.3. *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah; Rosh Hashanah*), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot; Chag Sukkot*).
5. Die eerste feesseisoen, naamlik Pesag, word 50 dae later (7 weke plus 1 dag) gevolg deur die tweede feesseisoen met die viering van *Shavuot* (Pinkster). Hierdie 50 dae staan bekend as die tel van die omer wat die dag van die Fees van die Eerstelingsgerf begin (Lev. 23:15 en 16)
6. *Shavuot* beteken *weke* en daarom is hierdie feestyd ook bekend as die Fees van Weke (Eks. 34:22). Pinkster is afkomstig van die Griekse woord *Pentekoste* wat *vyftigste* beteken. Soos reeds bespreek is, bestaan daar egter verskillende meninge oor wanneer die tel van die 50 dae (die tel van die omer) moet begin. Die meningsverskil bestaan weens verskille oor na watter Shabbat daar in Lev. 23:11, 15 en 16 verwys word. Is dit die weeklikse Shabbat of die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood? Onthou: Die eerste en die sewende dag van die Fees van Ongesuurde Brood is 'n afgesonderde (heilige) vierdag en dus 'n Shabbat (Lev. 23:7 en 8).
- 6.1. Volgens Judaïsme word die metode soos deur die Fariseërs in gebruik geneem is, gevolg en begin die tel van die *omer* op die dag wat die beweegoffer vir die Fees van die Eerstelingsgerf gebring was en nie op die dag na die weeklikse Shabbat nie. Derhalwe word *Shavuot* altyd op dieselfde datum, naamlik die 6e van die maand Sivan gevier. Verskeie Messiaanse gelowiges volg egter die metode van die Saddusëers en tel die omer vanaf die dag na die weeklikse Shabbat wat volg op die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood. Hiervolgens word *Shavuot* altyd op dieselfde dag van die week (naamlik Sondag – die eerste dag van die week) gehou, maar nie op dieselfde datum nie.

SHAVUOT – FEES VAN WEKE (PINKSTER)

1. Die Jode gedenk *Shavuot* as die dag wat YHVH Sy Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies (die wet), by die berg Sinai aan Moses gegee het 50 dae na hulle uit Egipte weg is. Daarom staan hierdie bestemde tyd (feesdag) ook bekend as die *Fees van die gee van ons Torah*. Volgens Judaïsme word Pesag gesien as die fisiese bevryding van die Egiptiese slawejuk, terwyl *Shavuot* (die gee van die Torah) die geestelike bevryding van afgodediens en immoraliteit is. Die Jode is baie spesifiek oor die *gee* van die Torah en nie oor die ontvangs daarvan nie. Die rede is dat hulle glo dat elkeen nog daaglik die Torah ontvang, naamlik die openbaringe daarin, maar op *Shavuot* het YHVH eenmalig Sy Torah aan Israel gegee. Volgens die toegewyde Jood is die gee van die Torah 'n geskenk van YHVH aan die mens.
2. Tydens Israel se jarelange slawerny in Egipte het hulle vervreemd geraak van YHVH en besoedel geword deur die Egiptiese afgodery. Met die gee van die Torah by Sinai het Israel 'n "nuwe" openbaring van die Almagtige ontvang. Tot op daardie stadium het hulle YHVH geken as die Skepper en die Almagtige. Hulle het YHVH se vermoëns en Sy almag geken soos dit

ondermeer aan hulle met die bevryding uit Egipte openbaar gemaak is. Met die gee van die Torah het YHVH egter Sy karakter en hart aan hulle openbaar. Dit was die begin om die God van Abraham, Isak en Jakob waarlik te leer ken, asook wat Hy van elkeen vereis ten opsigte van 'n leefwyse as geregverdigdes. Torah is ook aan Israel gegee sodat elkeen YHVH se plan van redding en herstel deur Yeshua Messias kan ontdek. Daarom het Yeshua aan die Jode gesê:

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?
Joh. 5:46 en 47

Paulus het ook aan Timotheus geskryf:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Messias Yeshua. 2 Tim.3:14 en 15.

3. Die Torah (die wet) is YHVH se spieël waarin elkeen die Vader se volmaaktheid en heiligheid sien, maar waar elkeen ook 'n besef kry van eie onvermoë om aan YHVH se standaard te voldoen. Uit eie krag kan geen mens in alle opsigte aan Torah gehoorsaam wees en daardeur gered (geregverdig) word nie (Gal.3:11). Redding is alleen moontlik deur geloof in Yeshua as die Lam van YHVH (Rom.5:1). Daarom is Israel gered deur die geslagde lam te eet die aand voor hulle uit Egipte getrek het en deur die bloed van die Lam wat aan die deurkosyne van hul huise gesmeer was.
 - 3.1. Die doel van Torah is daarom om onderrig te word in 'n leefwyse van geregtigheid, maar wie egter in een opsig struikel is skuldig aan oortreding van die hele wet (Jak. 2:10). Hoewel die wet (Torah) heilig, goed en regverdig is (Rom.7:12), het almal skuldig gestaan teenoor oortreding van die wet en dit is wat sonde is (1 Joh. 3:4). Die Torah het elkeen dus aangekla, geoordeel en gevonnissen. Dit is van hierdie skuldbrief wat Yeshua die mens kom bevry het deur dit aan die folterpaal vas te nael (Kol. 2:14). Messias het ons oordeel en vonnis op Hom geneem sodat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias kan wees (2 Kor. 5:21).
 - 3.2. Geloof het egter nie die wet (Torah) tot niet verklaar nie, maar dit wel bevestig (Rom. 3:31). Die Torah is nog steeds ons onderrig hoe om as geregverdigdes te lewe. Yeshua het nie gekom om die wet tot niet te verklaar nie (te ontbind nie), maar om dit te vervul, naamlik te bevestig (Matt. 5:17 tot 19).
4. Die probleem van die ou verbond was dat YHVH se Torah op kliptafels geskrywe was en nie op die harte van Sy volk nie. Die hernieuwe (nuwe) verbond het egter hierdie probleem deur Yeshua Messias en die Afgesonderde (Heilige) Gees (*Ruach HaKodesh*) opgelos. Nou is Torah (die wet) op ons hart geskrywe en in ons verstand gegee (Heb. 8:10). Abba YHVH se onderrig en insrtruksies is nou 'n hartsbegeerte om met ons verstand, wil en emosie gehoorsaam te wees.

SHAVUOT – PROFETIESE VERVULLING

1. Eeue later, tydens die eerste viering van *Shavuot* na Yeshua se hemelvaart, het YHVH Sy Gees, die Heilige (Afgesonderde) Gees (*Ruach HaKodesh*) uitgestort. Die belofte waarvan Yeshua sy dissiplens vertel het, het waar geword.

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige (Afgesonderde) Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Afgesonderde Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. Hand. 1:4 tot 8

En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Afgesonderde Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. Hand. 2:1 tot 4.

2. Op die eerste *Shavuot* na Yeshua se hemelvaart het YHVH deur Sy Gees die Torah geskryf op die tafels van die harte van die wat glo in die vleesgeworde Messias wat vir die sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. So het die belofte van die hernieuwe (nuwe) verbond in vervulling gekom.

Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Yiesraél en die huis van Yehudah 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Mietsrayiem uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, sê Yahweh. Want dit is die verbond wat Ek na daardie dae sal sluit met die huis van Yiesraél, sê Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skryf; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken Yahweh nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle wetteloosheid en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. Heb. 8:8 tot 12 (Woord en Getuienis)

3. YHVH se Afgesonderde Gees is ook eenmalig soos die Torah gegee (uitgestort), maar ons ontvang dit ook steeds daaglik. Soos Torah 'n "geskenk" van die Vader is, net so is Sy Afgesonderde Gees ook 'n "geskenk" aan elke gelowige in Yeshua Messias. Elkeen wat wedergebore is en vra, sal hierdie genade "geskenk" ontvang (Luk. 11:13).

4. Die Afgesonderde Gees help ons om die geheimenisse in YHVH se Woord te ontdek en herinner ons aan dit wat die Vader gesê het (Joh.14:26; Joh. 15:26). Die volgelinge van Yeshua was op die dag van *Shavuot* bymekaar om die gee van die Torah te gedenk toe die Gees van YHVH op hulle uitgestort was en hulle almal op 'n sigbare en bewustelike wyse daarmee gevul was. Dit was vir elkeen teenwoordig 'n "nuwe" openbaring van die Vader en die ontvangs van die krag om getuies te wees. Ons kan dus duidelik die verband tussen die gee van Torah by Sinai en die gee (uitsorting) van die Afgesonderde (Heilge) Gees in Jerusalem op *Shavuot* sien.
5. Die Vader se belofte van sondevergiftig deur die kosbare bloed van Yeshua, en dus bevryding van die oordeel omrede geen mens volkome aan Torah gehoorsaam kan wees nie, asook die belofte van die Torah wat op gelowiges se harte geskryf is, is vervul. In Messias is *Savuot* vervul, want Hy is die Een wat ons met die Afgesonderde Gees doop (Matt. 3:11 en Joh. 1:33). Die wat met die Gees van YHVH gevul is, tree in 'n verhouding met die Vader wat op geen ander wyse moontlik is nie. Die resultaat van hierdie verhouding is om die Vader waarlik intiem te ken, die Vaderhart te kan verstaan en om in alles aan Hom te wil en te kan gehoorsaam wees.
6. Die uitstorting van die Afgesonderde Gees is 'n afbeelding en herinnering dat elkeen wat wedergebore en en met die Afgesonderde Gees gevul is, die eerstelinge van YHVH se oes is (Rom. 8:23; Jak. 1:18). Die gelowige in Messias is die arbeider wat moet help om hierdie oes in te samel (Matt. 9:38; Luk. 10:2). Vir dié doel het YHVH Sy Gees gegee om elkeen toe te rus vir hierdie taak.
7. Hierdie *eerstelinge* word toegerus met:
 - 7.1. Liefde vir YHVH Yeshua en medemens (2 Tim. 1:7).
 - 7.2. Krag en selfbeheersing (Hand. 1:8; 2 Tim. 1:7).
 - 7.3. 'n Begeerte tot gehoorsaamheid aan YHVH weens liefde vir Hom (Joh. 14:21 en 23).
 - 7.4. Onderskeiding tussen die waarheid en die leuen (Joh. 15:26; Joh. 16:13)
8. As deel van die offer tydens *Shavuot* moes daar ondermeer twee brode wat met suurdeeg gebak was as beweegoffer aan die YHVH gebring word (Lev. 23:17 en 18). Die twee brode is 'n afbeelding van die gelowiges onder die ou verbond en dié onder die hernieuwe (nuwe) verbond. Suurdeeg verwys na sonde en die feit dat die brode met suurdeeg gebak was, is 'n afbeelding van gelowiges wat, ten spyte van hulle sondes, wel deur die Vader se genade vrygespreek word.
9. Elkeen wat Yeshua as Verlosser aanneem, het 'n Pesag (Pasga) ondervinding. Dit word gevolg deur die aflegging van die ou natuur van sonde deur aan Torah gehoorsaam te wees. Soos Israel uit Egipte verlos is, so word elkeen deur geloof in Yeshua as Messias verlos van die slawejuk van sonde. Dan

moet ons eet van die Ongesuurde Brood van afsondering (heiligmaking) en volmaaktheid. Wanneer ons dit doen, kan ons die doping met die Afgesonderde Gees ontvang en die krag van die inwonende Gees van YHVH in ons lewens ervaar.

10. Die eerste vier feeste het dus reeds in Messias in vervulling gekom. Hierdie feeste word vergelyk met die vroeë reën (Jer. 5:24; Hos. 6:3). Ons het die versekering dat die oorblywende drie feeste, wat die laat reën verteenwoordig, ook in Messias in vervulling sal kom. Elke gelowige sien met afwagting uit na die laaste feesseisoen!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

1. Hoe weet jy dat jy met die Afgesonderde Gees van YHVH gedoop (gevol) is? Is die spreek in vreemde tale die enigste bewys? Word daar nie deur die kerk te veel klem op die spreek in tale geplaas nie? Is die gee van Torah (die wet) nie inherent deel van die uitstorting van YHVH se Gees nie? Onthou Yeshua Messias is die Lewende Torah en Hy is die een wat met die Afgesonderde Gees ook doop!
2. Die Joodse feesvieringe van *Shavuot* is 'n kombinasie van erns en groot vrolikheid. Dit is gebruik om die Torah gedurende die nag (Onthou die Joodse dag begin teen sonsonder) te bestudeer, terwyl die volgende dag deur vrolikheid gekenmerk word. Sinagoges en huise word versier met takke, plante en blomme as herinnering aan die berg Sinai (Eks. 34:3). Suiwelprodukte word op die dag geëet as herinnering van die belofte van die land van melk en heuning (Eks. 3:8). Hoe behoort gelowiges van die herhieude verbond *Shavuot* te gedenk?
3. Tradisioneel het die Joodse kind se "skoolopleiding" (Torah onderrig) op dié dag begin. Lekkernye in die vorm van letters van die Hebreeuse alfabet, asook heuning is aan die kind gegee – verwys Ps. 119:103. Is YHVH se Torah vir jou soos heuning (Eseg. 3:2 en 3)?
4. Nêrens in die hernieude verbond word die Pinksterfees gevier nie, maar steeds *Shavuot*. Verwys Hand. 20:16 - *want Sha'ul het besluit om by Efesos verby te vaar sodat hy nie in Asië tyd sou spandeer nie, want hy het gou gemaak om, as dit vir hom moontlik was, die 'Fees van Weke' (Shavu'ot) in Yerushalayim te vier* (PWL Vertaling).

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie.
Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan
onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*